

28 Oktober

Skrifgedeelte: Openbaring 2:1-7

Ywer sonder om te dink

Wanneer een persoon vir 'n ander persoon 'n brief skryf, kan daar verskillende redes wees. Een rede is dat daar 'n band tussen die persone is. Jesus skryf hier in Openbaring sewe briewe aan sewe gemeentes. Daarmee sê Hy dat Hy vir die gemeentes omgee en dat Hy 'n boodskap vir hulle het. Hierdie sewe gemeentes verteenwoordig die kerk van alle tye en daarom praat die Here in elke brief ook met ons.

Ons Here Jesus sê in vers 2 en 3 (lees) dat die gemeente baie ywerig is en baie gedoen het om dwaalleer hok te slaan. So ervaar ons as lidmate dit ook dikwels. Daar is baiekeer ywer en 'n mens hou die leer suiwer, maar tog voel dit soms asof daar iets kort. Ons Here Jesus sê daar is een ding wat Hy teen die gelowiges hou. Hulle werk baie hard, maar die liefde ontbreek by hulle. Nou gaan dit in die eerste plek nie oor die liefde tot die naaste nie, maar die liefde tot God. Daar kan baiekeer ywer by mense wees, maar om die verkeerde redes. Jesus roep die gelowiges op om te begin dink. Hy sê: Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Ons as mense is geneig om maar net altyd te dink aan ons vooruitgang, maar Jesus sê : Gaan staan stil en dink aan julleself. Gaan beoordeel julle liefde vir My.

Dan kom ons Here Jesus weer met die oproep tot bekering. Bekering is om te gaan stilstaan en te dink oor jou eie foute en om dan om te draai. Die Here wil hê sy kinders moet hulle elke dag na Hom toe omdraai. Die Here wil hê ons moet Hom liefhê en Hom dien. Die liefde tot God en die liefde tot die naaste is tog ons hele doel hier op aarde.

Sing: Skrifberyming 38:2 (Melodie van Psalm 18) Ds W van den Heever (Randfontein-Noord)